Polisie sê hoe Indiër geval het

RAPPORT SUNDAY 31 OCT. 1971.

Deur FREEK SWART

WAT presies het Woensdagmiddag op die tiende verdieping van die polisiegebou John Vorster-plein in Johannesburg gebeur? Hoe het Ahmed Timol daar deur 'n venster gekom en hom dood geval?

Die belangrikste polisie-offisiere wat betrokke is by die saak van hierdie dertigjarige Indiër 'n aangehoudene ingevolge die Wet teen Terrorisme, het daaroor met RAPPORT gepraat.

Openbaar

Die waarnemende hoof van die Veiligheidspolisie, brig. Piet Kruger, het in Pretoria aan ons gesê dat die Veiligheidspolisie niks het om van die publiek weg te steek oor die omstandighede van Ahmed Timol se dood nie.

Om begryplike redes is daar inligtinge wat ter wille van die land se veiligheid nie vandag bekend mag word nie. Maar dit sal nie lank duur voordat alles in die nadoodse ondersoek in die hof openbaar gemaak word nie, het hy gesê.

Net na Ahmed Timol se dood het die Afdelingskommissaris van die polisie aan die Witwatersrand, brig. Chris de Guisti, soos in alle gevalle van 'n onnatuurlike dood 'n geregtelike ondersoek gelas.

Die ondersoek word geleï deur die Republiek se nuwe speurhoof, genl. Stoffel Buys,

● Vervolg op bl. 7, kol. 1.

Uit die venster op die tiende verdieping van John Vorsterplein in Johannesburg het Ahmed Timol Woensdagmiddag na sy dood geval. Hy het die helfte van 'n boompie reg langs Commissionerstraat plat geval en was op die plek dood.

Die Joodse Establishment in Suid-Afrika — bl. 21